Date : September, 01 , 2008 Publication : Gholf-Sake Page Number: 39

Mauritius was onlangs eerste op die lys van voorste plekke in Afrika om in sake te doen, en boonop bied dit 'n leefstyl waarvan die meeste mense maar net kan droom. Dis dus nie verbasend nie dat hierdie bestendige, vooruitstrewende paradys in die Indiese Oseaan vinnig die eerste keuse van internasionale beleggers word.

Mauritius het aan die einde van sy 2007- finansiele jaar 'n toename van 5,6% in sy BBP aangeteken en die verwagte groei vir 2008 is 6%. Verdere voordele wat die eiland bied, is lae korporatiewe en persoonlike inkomstebelasting (15%) en geen erfenis- en kapitaalwinsbelasting nie. Bykomende beleggingsaansporings is hoe huurgeld vir weelderige villas, 'n vinnig groeiende dollargebaseerde eiendomsmark en veral die geleentheid vir Suid-Afrikaanse kopers om met rande in die dollargebaseerde mark te investeer.
Die Mauritiaanse eiendomsmark bloei op, hoofsaaklik danksy
die instelling van die regering se ge'mtegreerde oordskema (IRS), wat nie-inwoners toelaat om wooneiendom te besit. Boonop verleen dit permanente inwonerskap van Mauritius aan hulle en hul gesinne. IRS-eiendomme bied 'n aansienlike opbrengs op beleggings - van die eiendomme wat binne twee jaar verkoop is, het geweldige prystoenames getoon.
Villas Valriche is een van die eiland se voortreflikste IRS-skemas wat baie mense se droomleefstyl in werklikheid omskep. Die luukse residensiele landgoed is aan die eiland se suidwestelike kus, in die pragtige Domaine de Bel Ombre, en bied 'n onbelemmerde uitsig oor die Indiese Oseaan. Dit sal 288 villas in die plantasiesryl op 200 hektaar met weelderige plantegroei omvat en uitkyk oor 'n 18-putjie-, 72-baansyfer-kampioenskapsgholf-baan en 'n 9-purjie, 3-baansyfer-gholfbaan wat Peter Matkovich ontwerp het. Daarby is Villas Valriche 'n bankgewaarborgde IRS-ontwikkeling wat onder die waarborg van die Mauritian

Commercial Bank opgerig word. Dit maak die geleentheid des te aantrekliker as 'n gesonde belegging.
Daar is vier boustyle om van te kies, met 22 uitlegontwerpe as enkel- of dubbelverdiepings, van tweeslaapkamervillas van 250m2 tot drie- of vierslaapkamervillas wat groter is as 400 m2

. Die erwe
wissel van 700 m2

tot meer as 2 000 m2

, en feitiik almal het 'n
onbelemmerde panoramiese uitsig oor die gholfbaan en see. Die pryse begin by VSA $950 000.
Villas Valriche bied 'n luukse ontspanningsleefstyl in 'n veilige omgewing. Eienaars is outomaties lede van die eksklusiewe Le Golf du Chateau-klub, wat 'n wereldklas gholfervaring op bane met internasionale voortreflikheidstandaarde bied. Die private sport- en strandklubs spog met uitsonderlike geriewe (waaronder 'n volledig toegeruste gimnasium, tennisbane en 'n swembad) en 'n opwindende verskeidenheid van aktiwiteite wat by die tropiese Mauritiaanse leefstyl pas. Inwoners kan gesofistikeerde disse beproef by die pragtige Le Chateau-restaurant. Villas Valriche beplan 'n tweede kampioenskapsgholfbaan, asook 'n uitsonderlike spa, vir die nabye toekoms.
Villas Valriche bied 'n geleentheid en leefstyl sonder weerga met die volgende: 'n weelderige voltitel-eilandwoning teen 'n mededingende prys in 'n prentjiemooi omgewing slegs vier uur per vliegtuig van Suid-Afrika; 'n groeiende, dollargebaseerde eiendomsmark; 'n bestendige politieke klimaat; ongekende eko-nomiese groei; en waardevolle fiskale voordele asook residensiele regte in die buiteland.
Besoek www.villasvalriche.com of skakel 0861 113 985 (plaaslik)of27 11234 0963

J

VILLAS VALRICHE
DOMAIN E DE BEL OMBR E

Page 1 / 1